WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT
VAKATURES

Weskus Distriksmunisipaliteit – met sy hoofkantoor op Moorreesburg – strewe na dinamiese en effektiewe dienslewering aan die gemeenskap van die Distriksmunisipaliteit. As 'n Gelyke Indiensneming-werkgewer, beskik ons tans oor die onderstaande vakatures vir toepaslik gekwalifiseerde en ervare persone.

DEPARTEMENT: FINANSIËLE DIENSTE
INTERNSKAP (3 POSTE)
EENJAAR- HERNUBARE KONTRAK

Standplaas : Moorreesburg • Salaris : R96 000 – R144 000 per jaar (allesinsluitend) • Verw.No. : FS 3

Vereistes: Ten minste 'n driejaar-Baccalaureusgraad of Nasionale Diploma met hoofvakke in Rekeningkunde, Ekonomie of Finansies, met inbegrip van Risikobestuur en/of Ouditkunde • bereidwilligheid om benewens die indiensnemingskontrak 'n internskapooreenkoms te teken (om toewyding aan die program te verseker, wat onder meer volledige deelname aan die opvoedkundige en werkplekopdragte en waarneming van beleid en prosedures verg) • ouderdom van 21 – 35 jaar.

Oorsig van Internskap: Die MFMIP is 'n gestruktureerde, professionele opleiding- en werkservaringprogram met as doel die verskaffing van hoëgehalte-opleiding en praktiese blootstelling aan alle aspekte van 'n Munisipale Begrotings- en Tesouriekantoor, wat onder die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 en die onderliggende wysigings val. Die program het 'n logiese volgorde van opleiding wat voortbou op die vaardighede en vermoëns wat tydens universiteits- en technikonopleiding verwerf is. Dit eindig waar toepaslik, met die krediete vir of 'n kwalifikasie in Munisipale Finansiële Bestuur in ooreenstemming met die Munisipale Regulasies vir Minimum Vaardighede, Staatskoerant 29967 van Junie 2007.

Kontraktermyn : Eenjaarkontrak met die opsie van hernuwing vir 'n verdere jaar.

Fokus Areas: Interne Oudit & Finansies

Sluitingsdatum: 16 Februarie 2018 om 14:00

Die voorgeskrewe aansoekvorms is gedurende kantoorure beskikbaar by me. **P.S. Boer by 022 433 8400** of op die webtuiste by **www.westcoastdm.co.za/vacancies.html**. Voltooide aansoekvorms, vergesel van volledige CV's en gewaarmerkte afskrifte van diplomas/sertifikate/ registrasies en rybewyse, moet gerig word aan **Weskus Distriksmunisipaliteit, Menslike Hulpbronne: Werwing & Keuring, Posbus 242, Moorreesburg 7310.**

Let Wel: *Die Raad behou die reg voor om geen aanstellings te maak nie. Geen laat aansoeke of aansoeke per faks of e-pos sal aanvaar word nie. CV's sal nie aan kandidate terugbesorg word nie. Gunswerwing sal kandidate diskwalifiseer.*

Indien geen terugvoering binne 60 dae na die sluitingsdatum vanaf hierdie kantoor ontvang is nie, kan aanvaar word dat 'n aansoek onsuksesvol was.

SONDLO & KNOPP ADVERTISING